LEWE NA VERKENNERWEES...

Doel

In hierdie hoofstuk wil ons vir jou wys hoe jy as volwasse lid gaan inskakel by Die Voortrekkers

Uitkoms

- Onmiddelike uitkoms: Hou 'n bespreking in julle span oor maniere waarop julle kan inskakel by Die Voortrekkers na skool
- Langtermyn uitkoms: Dat jy as volwasse lid inskakel by Die Voortrekkers

Doenwenk

- Maak seker jy verstaan wat 'n volwasse lid in Die Voortrekkers doen
- Probeer dink aan redes waarom dit vir jou persoonlik belangrik kan wees om as volwasse lid by te dra tot Die Voortrekkers
- Voer 'n persoonlike gesprek met een of meer van die volwasse lede wat jy in jou kommando, op 'n kamp of uitstappie ontmoet het
- Vra die volgende moontlike vrae:
  Waarom is dit vir u belangrik om nog in Die Voortrekkers te wees?
  Waarom doen u so baie moeite as dit by Die Voortrekkers kom?
  Wat waardeer u die meeste van Die Voortrekkers?
  Hoe dink jy maak jy 'n verskil as Voortrekker?
- Maak twee lyste
  Maak 'n lys van dinge in jou lewe wat jou kan keer om as volwasse lid aan te sluit by Die Voortrekkers
  Maak 'n lys van dinge wat jou kan help om as volwasse lid deel te wees van Die Voortrekkers
- Kyk weer na die argumente en redes in die hoofstuk oor "Waarom Voortrekkers?"

Slaggate

- Jy hoef nie nou al 'n besluit te maak om deel te bly van Die Voortrekkers nie
- As iemand jou vra of jy gaan aanbly, hoef jy nie 'n definitiewe antwoord te gee nie

Dis altyd 'n vreesaanjaende vooruitsig... Nog 'n fase is verby! En hier verloor baie Verkenners perspektief. Baie uiteenlopende idees en debatte is al hieroor gevoer. Nou het jy (as Verkenner) die toppunt van jou Voortrekkerloopbaan bereik... of nou het jy alles wat ons (die offisiere) jou kan leer, reeds geleer... of selfs dat jy nou die maksimum ontvang het wat die Voortrekkerbeweging jou kan bied... en dat jy nou die wêreld moet gaan verander...

Hierdie bogenoemde stellings is volgens my almal verkeerd. Voortrekkers was nie maar 'n aktiwitweit wat ek gedoen het of 'n beweging waaraan ek behoort het of 'n organisasie waarin ek lidmaatskap het nie. Dit het vir my 'n lewenswyse met baie keuses geword... Kom ek verduidelik:

As 'n jeuglid, Penkop/Drawwertjie of Verkenner, ontvang jy alles uit die Voortrekkerbeweging, terwyl jy as 'n volwasse lid op jou beurt weer alles gee vir die Voortrekkerbeweging. Wanneer jy klaarmaak met skool is jy nog nie heeltemal “daar” in jou lewensreis nie. Dan wil jy nog steeds ontvang. Eers later kom die drang of begeerte om van jouself te gee... Nou wil jy ontdek... Wat anders maak jy dan tot jy gereed is om weer van jouself te gee?

Antwoord is maklik - as iemand dit al vir jou vertel het - bygesê! Staatmakers, natuurlik! Jy vind uit by jou offisier watter Staatmakergroep aktief is in die area waar jy die volgende jaar gaan woon. Meeste universiteite en tersiêre instellings het groepe naby of selfs op kampus. Maak sommer nou al kontak. Hulle staan reg om te help met raad en daad. En as jy nie verder gaan studeer nie, is daar groepe in meeste sentra in die land. Jy kan selfs by jou bestaande kommando as Staatmaker registreer en sodoende 'n skakellid by 'n groep naby jou word.

Hoekom Staatmakers? Dit bied jou wat jy as jong Afrikaner in Suidelike Afrika nodig het. Dis 'n natuurlike voortsetting van die uitleef van die ABC- moderne Afrikanerskap, positiewe Burgerskap en konsekwente

Christenskap. Geleenthede om opgelei te word, steeds te ontvang en diens te doen. Gebiedskampe is 'n uitstekende voorbeeld hiervan. Staatmakergroepe het voorgestelde werksprogramme wat 'n ietsie van alles insluit en die balans handhaaf, met al die voordele van 'n volwasse lid van die Voortrekkerbeweging. Niks keer jou natuurlik om direk as 'n offisier te registreer nie, maar die ervaring leer dat jy nog steeds by jou portuurgroep wil betrokke wees. Dis baie meer pret om die grootmenswêreld saam met jou Voortrekkermaats te betree. Selfs as jy oorsee gaan na skool, kan jy in wêreldstede mede-Voortrekkers ontmoet en dinge saam doen. Al wat dit vra, is om 'n Voortrekker te bly.

Glo my die pret is nie verby nie! Die geleenthede om lekker te speel en lewenservaring op te doen het pas in 'n nuwe dimensie ingegaan. As Voortrekker gee jy dan soveel jy kan terwyl jy deur jouself te gee, steeds die maksimum ontvang.

"Ma, kan ek asseblief 'n Voortrekker wees as ek groot is?" Chris Koukeas